

# DIE US TAALSENTRUM
# IN 'N NEUTEDOP

**Ons glo dat dit taal is wat ons saambring.**
**Daarom help ons mense mekaar vind deur beter kommunikasie en begrip.**

## KYK GERUS HOE ONS JOU KAN ONDERSTEUN

### MEERTALIGE INGESTELDHEID

Wees ontvanklik vir die **verskillende tale en kulture** rondom jou, ook om by hulle te leer. Ontwikkel 'n breër wêreldbeskouing en meer empatie vir die mense wat oor jou pad kom elke dag. Dit sal jou help om beter besluite te neem, groter aanklank by ander te vind en 'n vervullender lewe te lei.

Taalsentrum

Lees meer

### LEESWERK

Leer op 'n strategieser en meer bedrewe manier lees.

Ons Leeslab bied **werksessies, konsultasies** en 'n **aanlyn leesbegripsoplossing** om jou leesvermoë te optimeer.

Marisca Coetzee

Lees meer

### SKRYFWERK

Bespreek jou eie skryfwerk aanlyn of van aangesig tot aangesig met 'n opgeleide Skryflab-konsultant. Dis gratis!

Maak 'n afspraak vir 'n **skryfkonsultasie** deur die **Skryflab-besprekingstelsel** op jou MySun-portaal.

Anne-Mari Lackay

Woon 'n **werksessie** by om jou te help skryf aan jou navorsingsvoorstel, literatuuroorsig, tesis of artikel. Die Skryflab bied **pasgemaakte kortkursusse** juis hieroor aan. Of val in by ons **maandelikse skryfmaratons** vir 'n veilige skryfomgewing en goeie skryfgeselskap heeldag.

Selene Delport

Lees meer

### AKADEMIESE GELETTERDHEDE EN PROFESSIONELE KOMMUNIKASIE

Rus jouself toe om doeltreffend op universiteit en in jou beroep en bedryf te kommunikeer – met ons kredietdraende modules vir **akademiese geletterdhede** wat in die fakulteite aangebied word. Modules fokus op professionele, interkulturele en wetenskaplike kommunikasie.

Faika Haroun

Lees meer



## INTYDSE TOLKING

Gebruik **tolking** in jou klas. Die Tolkdiens het 'n ervare span professionele tolke wat toegang sal help verseker tot jou lesinginhoud, soos dit gebeur. In Afrikaans of Engels, of Xhosa of Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL) as daar 'n pedagogiese behoefte is.

Juanli Theron | Lees meer

## TAALVERSORGING, VERTALING EN TRANSKRIBERING

Gebruik die Taaldiens vir **redigering** en **vertaling**, vir enigiets van jou opsomming, navorsingsvraelyste en toestemmingsvorms tot sakedokumente soos persvrystellings, briewe, verslae en notules.
Ons **vertaal** na 15 tale, Xhosa ingesluit.

Cobus Snyman

Kry 'n professionele **transkripsie** van jou navorsings-onderhoude sodat jy jou in die navorsing self kan ingrawe.

Marguerite van der Waal | Lees meer

## KORTKURSUSSE IN KOMMUNIKASIE VIR DIE SAKEWÊRELD

Woon 'n **Kommunikasielab-kortkursus** by, pasgemaak vir mense wat werk in sake-, administratiewe of korporatiewe omgewings. Verbeter jou kommunikasie-vaardighede en keer terug werk toe met 'n sertifikaat van bevoegdheid en nuutgevonde selfvertroue en entoesiasme.

Michelle Pieters | Lees meer

## TERMINOLOGIE

Probeer die **drietalige terminologieblad** op ons webtuiste vir vakterme in Afrikaans, Engels en Xhosa.

Taalsentrum | Lees meer

## ENGELS

Verbeter jou akademiese Engels met ons **English for Academic Purposes-program** (EAP). Of skryf in vir ons **Intensive English-program** (IEP) om jou lees-, skryf-, praat- en luistervaardighede te ontwikkel.

As jy oorsee wil klas gee, volg ons **TEFL-kursus** (om Engels as vreemde taal te onderrig), of doen 'n voorbereidingskursus vir die **IELTS-eksamen** afgeneem deur die International English Language Testing System vir oorsese studie of werk.

Fatima Halday | Lees meer

## AFRIKAANS EN XHOSA

Leer **Afrikaans** of **Xhosa** en smee só sterker bande met ander. Jy kan sosiale taalvaardighede deur ons **Taalleerhub** aanleer: probeer ons oorlewingsessies of tandemleer met 'n maat.

Helga Sykstus | Stembele Johnson

Ons bied ook semesterkursusse vir internasionale studente aan.

Jeanene Olivier | Lees meer

SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

+27 21 808 2167 | Banghoekweg 44 | Bosmanstraat 7